Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

17 Oktober 2025 Uitgawe: 1/4/2025

# UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en ouers na die vinnige vakansie. Ouers sal opmerk dat hierdie kwartaal baie kort is. Die akademiese program is dus geweldig onder druk. Daar is slegs 4 weke beskikbaar vir akademie en sportaktiwiteite. Ouers het reeds die buitemuurse rooster asook die krieketliga se bepalings vir die kwartaal ontvang. As gevolg van die beknopte kwartaal moes ons van die datums en aktiwiteite skuif om dit te laat uitwerk. **Aangeheg is 'n opsomming van die belangrikste datums en aktiwiteite van die kwartaal - ook in kalenderformaat. Vergewis u asb. deeglik daarvan, aangesien dit bietjie afwyk van die datums op die oorspronklike jaarkalender.**

**Rapporte:**
Die GSF-leerders het reeds einde verlede kwartaal hul verslae ontvang. Die Gr. 4-7 leerders ontvang hul rapporte vandag. Daar is nie hierdie kwartaal 'n amptelike oueraand nie, maar ouers is welkom om 'n afspraak te maak met enige van u kinders se vakonderwysers indien die behoefte bestaan om enige akademiese aangeleentheid te bespreek.

Daar sal in die laaste kwartaal slegs 'n eksamen geskryf word. Die rooster van hierdie eksamen sal spoedig aan u beskikbaar gestel word sodat u saam met u kind betyds kan begin voorberei. Eksamen begin reeds op 11 November 2025.

**Sport:**
Tydens die afgelope vakansie het Tjokkies weer 'n suksesvolle o/11 kriekettoernooi aangebied. Baie dankie aan ATON Finansiële dienste wat hierdie geleentheid vir ons geborg het. Baie dankie aan elke speler, ouer en onderwyser wat gehelp het om hiervan 'n sukses te maak.
Vandag en Saterdag bied Tjokkies ook 'n o/13 kriekettoernooi aan waaraan verskeie skole deelneem. Kom ondersteun gerus ons spelers.

**Prysuitdeling:**
Einde verlede kwartaal het 'n skrywe uitgegaan waarop die datums en tye van vanjaar se prysuitdelingsgeleenthede aangedui was. Deur van die aktiwiteite te skuif, kon ons dit regkry om enkele aanpassings te maak wat meer toeganklik is vir ouers. **Let asb. daarop dat die tye nou soos volg gaan wees:**

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag, 27 Oktober:** | **Voortrekker Prysuitdeling** | **18:00** |
| **Dinsdag, 28 Oktober:** | **Gr.1 Prysuitdeling** | **11:00** |
| **Dinsdag, 28 Oktober:** | **Gr.2/3 Prysuitdeling** | **18:00** |
| **Woensdag, 29 Oktober:** | **Gr.4/5 Prysuitdeling** | **18:00** |
| **Donderdag, 30 Oktober:** | **Gr.6/7 Prysuitdeling** | **18:00** |

Ons moes egter die Gr.1 geleentheid skei van die Gr. 2 en Gr. 3 geleentheid, aangesien daar nie genoeg sitplekke vir ouers beskikbaar is in die saal nie. Daar is ook geen ander datum wat die skoolsaal beskikbaar is nie, daarom dat hierdie geleentheid in skooltyd plaasvind. Gr.1-ouers is dan geregtig om hul kinders huistoe te neem na afloop van hul Prysuitdeling. Die res van die skool sal normale tyd verdaag.

**Begrotingsvergadering: (HERHAAL)**

***U het reeds kennis ontvang van hierdie baie belangrike vergadering. Ons noem dit net weer, indien u nog nie 'n aantekening in u dagboek daarvan gemaak het nie. Hierdie Begrotingsvergadering vind plaas op Maandag, 10 November 2025 om 17:30 in die skoolsaal.***


***Volgens die nuwe SA Skolewet soos aangepas deur BELA, moet daar 'n 10% kworum teenwoordig wees by die vergadering om die begroting, soos voorgestel deur die beheerliggaam, goed te keur. U moet dit goedkeur deur u stem uit te bring. Ek doen 'n ernstige beroep op ouers en pleit dat u dit asb. moet kom bywoon. Die vergadering sal nie langer as 45 minute duur nie.***

***Die 2026-begroting word voorgelê asook die skoolgeldverhoging vir 2026. Die Wet bepaal dat die begroting tydens 'n amptelike vergadering met ouers van die skool hanteer en goedgekeur moet word. Presensie moet tydens die vergadering geneem word. Baie dankie dat ek op u ondersteuning kan staatmaak.***

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 17-18 Okt.: | Tjokkies o/13 Kriekettoernooi |
| 20 Okt.: | o/9 Krieketliga |
| 20-23 Okt.: | Gr. 7 Afskeidstoer (Drakensville) |
| 21 Okt.: | o/11 Krieketliga |
| | Voortekker Inter |
| 22 Okt.: | Gr.1 Ouerinligtingsaand (2026) |
| 22-23 Okt.: | o/11 - o/13 netbalproewe |
| 24 Okt.: | Gr. 7 Sportdag |
| | Fichies Opelug Revuefess |

## VERJAARSDAE



23 Okt.: Juf. Elsabé Claassen (KS Hoof)

# ANDER

**Personeelsake:**

Twee van ons Gr.1 kollegas maak klaar by Tjokkies aan die einde van die jaar.

Juf. Lizette Buys (GSF Departementshoof) tree af na 40 jaar in die onderwys en juf. Janah Posthumus het bedank. Sy gaan haar man bystaan in sy besigheid.

Ek wil ouers die versekering gee dat die skool en beheerliggaam reeds in samesprekings is met die Departement van Onderwys oor die aanstel van geskikte kandidate.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Ondersteunersklub se Knipmesbraai **EN** die Springbokke op die groot skerm!

**Datum:** Saterdag, 22 November 2025
**Tyd:** 16:00
**Prys:** R250.00
**Koelerboksfooi:** Klein – R150.00
Groot – R200.00

Bespreek jou kaartjies by Annelize Pieters/ Suzane Wille


TJOKKIES
ONDERSTEUNERSKLUB
KNIPMES
BRAAI
TJOKKIES GRASPERK
16H00
SATERDAG
NOV 22
KOM KYK DIE SPRINGBOKKE
SAAM MET ONS EN GENIET DIE
SPITBRAAI
R250 PER PERSOON
KURKFOOI:
KLEIN KOELERBOKS: R150
GROOT KOELERBOKS: R200
WINCHESTER

# SNUFFELS


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042


BOEKSAKKIES TE KOOP VIR 2026
Boeksakkies vir Gr. 4
7 boeksakkies @ R350 of R50 elk
Bestel en betaal kontant by
Juffrou Lianza 0724889802
Beskikbaar vanaf
27 September 2025

# DANNI DINOCORN

**Bly Kalm**




## Is jou kind dikwels oorweldig, bekommerd of sukkel met groot emosies?

**"Danni Dinocorn Bly Kalm" is 'n warm kindervriendelike 7-week program om jou kind te help om angs te hanteer!**

### Waarvan Mammas Hou :

- Ontwerp deur sielkundiges.
- Sluit 'n pragtig geïllustreerde werkboek en boeiende geanimeerde video's in.
- 'n Veilige, kreatiewe ruimte waar kinders gesien en ondersteun voel.
- Weeklikse terugvoer aan ouers om jou op hoogte te hou.
- Bou vaardighede wat kinders onmiddellik kan begin gebruik.
- Skakel met ander in 'n prettige en ondersteunende groep.

**Begin Datum:** Woensdag, 15 Okt : (6-9 jare) 15:00 - 16:00
Vrydag, 17 Okt (10-13 jare) 14:15 - 15:15

**Waar vind dit plaas:** 26 Innes Laan, Waverley, Bloemfontein

**Vir wie is die program bedoel :** Kinders 6-9 & 10-13 jare!

**REGISTREER NOU VIR KWARTAAL 4**

+27 (0)82 094 6078
info@dannidinocorn.com
facebook @Dannidinocorn
**www.dannidinocorn.com**




**Lucie Grové**
Kliniese Sielkundige
BA. Hons (Sielkunde), NWU
M.A. (Kliniese Sielkunde), UFS

**Jemona Taylor**
Voorligting Sielkundige
B.Sc. Hons (Sielkunde), US
M.Sc. (Voorligting Sielkunde), UFS



Just Labels
www.justlabels.co.za
BESTEL AANLYN
www.justlabels.co.za
sales@justlabels.co.za
031 266 1738
Besoek ons webwerf vir gratis versamelpunte.